WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Donderdag 26 Januarie **MATT 19**

Ons trek by die 26ste dag van Januarie en by die 19de hoofstuk van Mattheus. Die tempo waarteen tyd verbygaan is werklik verbysterend. Dit laat 'n mens net besef dat ons die meeste van elke oomblik moet maak van die kosbare gawe van lewe wat die Here vir ons in sy groot liefde gegee het.

Laat Jesus jou stukkende huwelik heelmaak (1–12). Sommige gebruike is wettig maar nie Bybels nie, volg dus altyd die beginsels wat in die Skrif gegee word. God se oorspronklike plan was een man vir een vrou, 'n lewe lank saam (Gen. 2:18–25),

Ek wil graag Dr Warren Wiersbe se kommentaar op Deut. 24:1–4 hier invoeg, ek dink dit is baie insiggewend. Lees dit asseblief aandagtig:

Egskeiding (Deut 24:1–4). Dit is erg genoeg wanneer 'n gesin 'n rebelse seun het om die huis te versteur, maar dit is nog erger wanneer die man en vrou nie oor die weg kom nie en die huwelik verbrokkel. Die oorspronklike huwelikswet tussen Adam en Eva in die tuin van Eden het geen voorsiening vir egskeiding gemaak nie (Gen. 2:18–25). Die huwelik is fundamenteel 'n fisiese verbintenis ("een vlees"), so net 'n fisiese rede kan dit ontbind, en daar is twee sulke redes:

(i) die dood van een huweliksmaat (Rom. 7:1–3; 1 Kor. 7:39).
(ii) en egbreuk (Deut. 22:22; Lev. 20:10).

Die owerspelige man of vrou is tereggestel, wat die onskuldige gades vry gelaat het om weer te trou. Die Wet van Moses het nie egskeiding vir egbreuk toegelaat nie omdat die skuldige huweliksmaat vir sy of haar sonde met klippe doodgegooi is.

Aangesien die "onreinheid" ("iets onbetaamlik) nie owerspel kon wees nie, wat het dan 'n man die toestemming gegee om van sy vrou te skei? In ons Here Jesus se dag het die rabbynse skool van Hillel 'n baie wye siening geneem en "onreinheid" geïnterpreteer as "enigiets wat die man mishaag." Maar die skool van Rabbi Shammai het die eng standpunt ingeneem dat "onreinheid" 'n soort seksuele sonde beteken. (Sien Matt. 5:31–32; 19:1–9; Mark. 10:1–12.) Jesus het nie "onreinheid" gedefinieer nie, maar het dit duidelik gemaak dat

die Mosaïese Wet van egskeiding 'n toegewing was en nie 'n opdrag nie. God het dit toegelaat weens die hardheid van die menslike hart, maar dit het SY hart gebreek. Dit blyk egter dat Jesus wel egskeiding toegelaat het as een van die gades egbreuk gepleeg het en dat die onskuldige party dan vry sou wees om weer te trou.

Toe ons Here egskeiding toegelaat het weens egbreuk, het Hy egskeiding gelykgestel aan die dood. Die kerk het nie die reg om mense dood te maak vir owerspel of enige ander sonde nie, maar kan egskeiding aanvaar as die ekwivalent van die dood, en sodoende die onskuldige maat vry laat om weer te trou. Jesus het die prioriteit van die oorspronklike huwelikswet (Adam en Eva) bevestig, maar Hy het ook hierdie toegewing gemaak. Natuurlik is dit beter dat die skuldige die sonde bely, bekeer en herstel en vergewe word; maar dit gebeur nie altyd nie. Sonde is die groot vernietiger, en waar die voorregte die hoogste is, soos in die huwelik, is die pyn van daardie sonde die grootste.

Die "skeibrief" was 'n amptelike dokument wat die vroue teen laster en mishandeling beskerm het en haar ook die voorreg van 'n tweede huwelik gegee het. Die tyd wat nodig was om hierdie dokument te bekom, sou die man geleentheid gee om die saak deur te dink en moontlik te heroorweeg. Hy sou verloor wat oorbly van die huweliksprys of bruidskat, en dit kon baie duur wees. Te veel skeidings en egskeidings is die gevolg van opgekropte emosies, nare wonde en onnadenkende woorde wat vermy kon word as die huweliksmaats eerlik met mekaar was, dinge behoorlik uitgepraat het en vroeër in die probleem die Here se hulp gesoek het.

Sou haar tweede huwelik in egskeiding eindig, is die vrou verbied om na haar vorige man terug te keer omdat sy “ontreinig” was (Deut. 24:4). Miskien beteken dit dat die voltrekking van die tweede huwelik as owerspel beskou is, want slegs die dood of owerspel kon die huwelik ontbind. (Owerspel word "besoedeling" genoem in Lev. 18:20 en Num. 5:13–14.) Vir haar om terug te keer na die eerste man sou haar goedkoop en niks anders as 'n stuk eiendom maak wat willekeurig gekoop en verkoop kan word.[1]

Terug na ons kommentaar op Matt 19

[1] Wiersbe, W. W. (1999). *Be equipped* (p. 147). Chariot Victor Pub.

Egskeiding word nooit in die Skrif gegee as ‘n oplossing vir probleme in die huwelik nie. Dit verg 'n diepe hartsverandering vir twee mense om 'n nuwe begin te maak, en net Jesus kan harte verander. Voor jy weghardloop, hardloop na God en soek Sy hulp.

Laat Jesus jou gesin seën (13–15). Kinders wil na Jesus toe kom (v. 14), maar te dikwels staan volwassenes in die pad. Die beste ouers maak dit maklik vir hul kinders om na Christus te kom, Hom lief te hê en sy seën te ontvang.

Laat Jesus jou alles besit (16–30). Die ryk jong man het baie in sy guns gehad, maar hy het te hoog van homself gedink en was nie regtig eerlik voor God nie. Geld het tussen hom en redding gestaan, en hy wou nie berou hê en sy valse god verloën nie. Jy verloor nooit as jy alles vir Jesus gee nie. Hy seën jou in hierdie lewe en in die lewe wat kom.